Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 23 JUNIE 2011 OM 09:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Johnson, A (DA)
McKrieling, H (TPICO)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Rust, N J A (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Essen, T (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING EN VERWELKOMING

Pastoor Piet Smit van die AGS Corpus Christi Kerk, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl M S I Goliath.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat gedurende Junie verjaar.

Die Speaker versoek dat 'n raadslid waaraan 'n spreekbeurt verleen is, sal opstaan wanneer hy/sy die Raad toespreek.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE DERDE MUNISIPALE RAAD GEHOU 31 MEI 2011

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdh T van Essen)

4.1/...

Dat die notule van die eerste vergadering van die derde munisipale raad gehou 31 Mei 2011 bekragtig en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die volgende invoeging –

Item 1, paragraaf 3: ... algemene reëls word ook aan die vergadering voorgehou, ...

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

6. SAKE VIR BESPREKING

6.1 "HAND OVER REPORT" INGEVOLGE OMSENDBRIEF 55 VAN DIE MFMA (3/1/8)

Munisipaliteite word versoek in Omsendbrief 55 gedateer 7 Maart 2011, uitgegee ingevolge die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 om 'n verslag aan nuutverkose raadslede te oorhandig om hulle te voorsien van oriënteringsinligting, onder andere aangaande die stand van die munisipaliteit se finansies, kapitaalprogramme en belangrike diensleweringskwessies.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die "hand over report" soos versoek per MFMA Omsendbrief 55 gedateer 7 Maart 2011.

6.2 AANSTEL VAN RAADSLEDE OP UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / WYSIGING VAN VERTEENWOORDIGING DEUR RAADSLEDE OP INTERNE EN EKSTERNE KOMITEES (3/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester hou die bedanking van rdl J H Cleophas op 14 Junie 2011 as lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aan die Raad voor.

Rdl J H Cleophas se bedanking spruit voort uit sy verkiesing as Uitvoerende Burgemeester van die Weskus Distriksmunisipaliteit en wens rdh T van Essen hom namens die Raad geluk met die amp.

Die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap het onlangs 'n regsopinie verkry wat bepaal dat die Uitvoerende Onderburgemeester uitgesluit is wanneer die 20% van die aantal raadslede wat op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee mag dien, bereken word. Uit hoofde van die regsopinie, kwalifiseer Swartland Munisipaliteit om vier lede (die Uitvoerende Onderburgemeester uitgesluit) op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aan te wys.

Die bedanking van rdl J H Cleophas en voormelde regsmening het die Uitvoerende Burgemeester in staat gestel om die burgemeesterskomitee te finaliseer, met gepaardgaande veranderinge op die interne en eksterne komitees van die Raad, en word –

DERHALWE BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J H Cleophas)

(a) Dat daar kennis geneem word van die bedanking van rdl J H Cleophas as lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;

(b) Dat daar kennis geneem word dat daar ingevolge die regsopinie ontvang vanaf Provinsie vier lede (uitgesonderd die Uitvoerende Onderburgemeester) op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee mag dien, en dat rdle A C Sedeman en C H H Hunsinger gevolglik deur die Uitvoerende Burgemeester op 17 Junie 2011 aangewys is om op die komitee te dien;

(c) Dat daar kennis geneem word dat daar op hierdie stadium voldoende begroot is vir die uitgawe wat die aanwys van 'n vierde raadslid op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee teweeg bring;

6.2/...

(d) Dat, in die afwesigheid van die Uitvoerende Burgemeester, of wanneer hy nie beskikbaar is nie, die Uitvoerende Onderburgemeester aangewys word om as Uitvoerende Burgemeester waar te neem;

(e) Dat, in die afwesigheid van sowel die Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Onderburgemeester of indien geeneen van hulle beskikbaar is nie, raadslid C H H Hunsinger aangewys word om as Uitvoerende Burgemeester waar te neem;

(f) Dat die Raad goedkeuring verleen dat die volgende wysigings (soos voorgestel deur die Uitvoerende Burgemeester) ten opsigte van die verteenwoordiging deur raadslede op interne en eksterne komitees aangebring word, naamlik –

(i) Administrasie en Finansies Portefeuljekomitee: rdl C H H Hunsinger (UBK-lid verantwoordelik vir finansies)

(ii) Siviel- en Elektriese Portefeuljekomitee: rdl A C Sedeman, ondervoorsitter (UBK-lid verantwoordelik vir siviele en elektriese aangeleenthede) en rdl C H Papers;

(iii) Begrotingsbeheerkomitee: rdl C H H Hunsinger as UBK-lid verantwoordelik vir finansies en slegs een raadslid, naamlik rdl B W Geel as addisionele lid uit die Administrasie en Finansies Portefeuljekomitee;

(iv) PROVKOM: rdl A C Sedeman as sekunde.

6.3 WYKSKOMITEES: AANWYS VAN PROPORSIONELE RAADSLEDE VIR DIE ONDERSKEIE WYKSKOMITEES (3/4/4/1)

Paragraaf 17 van die Grondwet vir Wykskomitees bepaal dat die Speaker in oorleg met die swepe van die verskillende politieke partye die proporsioneel verkose raadslede vir die onderskeie wykskomitees moet aanwys.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat kennis geneem word van die aanwysing van PV raadslede na die onderskeie wykskomitees soos vermeld in die verslag;

(b) Dat kennis geneem word van die rol van PV raadslede ingevolge die Grondwet vir Wykskomitees;

(c) Dat kennis geneem word dat PV raadslede verplig is om die wykskomiteevergaderings by te woon en dat bywoning ingevolge die Prestasiemetingstelsel geëvalueer sal word.

6.4 VOORGESTELDE DRAGKODE VIR RAADSLEDE (3/1/2)

Die bestaande dragkode is aan nuutverkose raadslede op 31 Mei 2011 tydens die 1ste vergadering gesirkuleer, en is die versoek ontvang dat dit hersien moet word.

'n Vergadering van die Reëlskomitee het plaasgevind op 9 Junie 2011 en is die voorstel dat vroulike raadslede toegelaat word om snyersdemins na vergaderings van die Raad te dra, bespreek vir 'n aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die item terugverwys word ten einde ander munisipaliteite aangaande hul dragkode te raadpleeg en dat die dragkode op die Raadsvergadering van 25 Augustus 2011 gefinaliseer word.

6.5 HERNUWING VAN DIENSKONTRAK VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER (4/2/B)
[Die munisipale bestuurder en direkteure verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking van die item.]

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat voldoen is aan die hernuwingsvoorwaardes, onder andere dat die hernuwing van die dienskontrak voorafgegaan moet word deur 'n evaluasie van die voorafgaande finansiële jaar se prestasie, welke prestasie-evaluasie deur

6.5/...

die Uitvoerende Burgemeester, bygestaan deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee-lede, Eksterne Ouditkomitee-lede en Interne Oudiiteur volvoer moet word.

Rdh T van Essen noem dat tydens die spesiale evalueringsvergadering wat op 17 Junie 2011 plaasgevind het, die lede eens was dat mnr J J Scholtz een van die beste Munisipale Bestuurders in die Wes-Kaap en ook die res van die Suid-Afrika is. Hierdie opinie word gerugsteun deur die ongekwalifiseerde oudits wat die Munisipaliteit vir die afgelope jare ontvang het, verskeie toekennings op nasionale en provinsiale vlak en die vele "beste praktyke" wat Swartland Munisipaliteit gevestig het.

Die Speaker versoek die onderskeie partye om te reageer op die hernuwing van die diensooreenkoms van die Munisipale Bestuurder soos voorgelê deur die Uitvoerende Burgemeester, en word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

(a) Dat daar kennis geneem word van die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die Munisipale Bestuurder vir 'n verdere termyn aan te stel ingevolge die hernuwingsvoorwaardes van sy dienskontrak;

(b) Dat daar kennis geneem word dat voormelde aanbeveling gerugsteun word deur lede van die Eksterne Ouditkomitee (Voorsitter en lid belas met prestasie) nadat 'n evalueirng saam met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee-lede op 17 Junie 2011 gedoen is van die voorafgaande finansiële jaar (2009/2010);

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word om die hernuwing te volvoer met inbegrip van die wysiging aan die dissiplinêre prosedure soos afgekondig in Staatskoerant 34213 gedateer 21 April 2011;

(d) Dat die Minister van Plaaslike Regering in kennis gestel word van die aanstelling en die proses van evaluasie wat deurloop is.

Die Uitvoerende Burgemeester wens die Munisipale Bestuurder namens die Raad geluk met sy heraanstelling en die Speaker gee geleentheid aan hom om die Raad toe te spreek.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die enigste manier om Swartland Munisipaliteit na 'n volgende vlak te kan neem, is om die kuns van ware kommunikasie aan te leer. Dit bied onder andere die volgende uitdagings –

- om nie net met mense te kommunikeer nie, maar om *konneksies te vorm*, dit wil sê om tot hul harte te spreek;
- om met belangegroepe te identifiseer en om 'n aansluiting met hulle te verkry deur *konneksievorming* sodat ons invloed op hulle kan toeneem;
- om te besef dat *konneksievorming* geheel en al oor ander gaan. Ons is nie in die munisipale-besigheid waar ons mense bedien nie – ons is in die mense-besigheid waar ons munisipale dienste lewer;
- om goeie *konneksies* te vorm moet ons dus –
  - besorg wees oor ons mense en winste;
  - 'n optimistiese siening hê van ons ondergeskiktes;
  - ondergeskiktes se raad vra;
  - goed luister;
- om interessante maniere te vind om met ons inwoners te kommunikeer.

Die Munisipale Bestuurder onderneem, en stel die uitdaging aan alle raadslede en amptenare, om die "3-meter-reël" ten alle tye te gehoorsaam, dit is dat wanneer 'n kliënt binne 3 meter van hom is – hy sal glimlag, hy die kliënt in sy/haar oë sal kyk en dat hy hom/haar vriendelik sal groet.

6.6/...

6.6 GEWYSIGDE DISSIPLINÊRE REGULASIES VAN TOEPASSING OP ARTIKEL 56 EN 57 AANSTELLINGS (4/2/3)

Die gewysigde dissiplinêre regulasies van toepassing op artikel 56 en 57 aanstellings is deur die waarnemende Nasionale Minister van COGTA op 21 April 2011 afgekondig.

Die item is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 17 Junie 2011 voorgelê en het die Uitvoerende Burgemeester goedkeuring verleen dat die wysigings aan die diensooreenkomste van die artikel 56 en 57 aanstellings aangebring word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat daar kennis geneem word van die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aangaande die wysiging van die artikel 56 en 57 aanstellings en dat die aanbeveling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om wysigings aan die direkteure se diensooreenkoms aan te bring en om die dienskontrakte met elke individu te sluit;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word vir die sluiting van die gewysigde ooreenkoms met die Munisipale Bestuurder;

(d) Dat daar kennis geneem word dat die dissiplinêre regulasies reeds van toepassing is, ongeag die datum waar op die gewysigde ooreenkomste onderteken word.

6.7 KONSEP VERORDENING INSAKE VASTE AFVALBESTUUR (1/1)

Jan Palm Raadgewende Ingenieurs is aangestel om die Munisipaliteit se Geïntegreerde Vaste Afvalbestuursplan te hersien, wat insluit die hersiening van die toepaslike verordeninge.

Die konsep verordening is deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 17 Junie 2011 vir aanbeveling aan die Raad oorweeg. Die volgende stap in die proses om die verordening af te kondig, behels die advertering van die konsep verordening vir publieke insae en kommentaar.

Die Speaker versoek dat daar tot stemming oorgegaan word, en word die aangeleentheid beslis met 16 stemme ten gunste daarvan, en 6 raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die konsep verordening insake Afvalbestuur vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die bestaande verordening insake die verwydering en wegdoen van vullis soos afgekondig in PK 26 van 9 Januarie 1998 sowel as in P.N. 26/1998; PN.068/1998 en P.N.1309/1966 soos gewysig deur P.N.0126/1969; P.N.066/1975; P.N.0104/1977 en P.N.0477/1978 asook P.N.0201-1991 en P.N. 5859 herroep word en dat die herroeping van krag sal wees op datum wanneer die nuwe verordening in werking tree.

6.8 VOORGESTELDE GRONDRUIL TE MALMESBURY (12/2/5/5-8/2, 12/2/5/2-8/4)

Die *Reformed Old Apostolic Church* besit twee eiendomme, naamlik erf 5388 (groot 2022m²) en erf 2723 (groot 1050m²) in Wesbank, Malmesbury.

'n Versoek is ontvang vanaf die Kerk om erf 5388 te ruil met erf 2727 (groot 1050m²) wat 'n munisipale eiendom is. Erf 2727 is geleë aangrensend aan die bestaande kerkgebou en sal dit benut word vir uitbreidings en om voldoende parkering vir kerkgangers te skep.

6.8/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad goedkeur dat munisipale erf 2727 (groot 1050m²) geruil word vir erf 5388 (groot 2022m²) wat behoort aan die *Reformed Old Apostolic Church*;

(b) Dat die beoogde grondruil in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word;

(c) Dat die *Reformed Old Apostolic Church* verantwoordelik sal wees vir die betaling van alle kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, insluitende oordrag-, advertensie- en hersoneringskostes;

(d) Dat die ruilooreenkoms onderhewig sal wees aan die suksesvolle hersonering van erf 2727 vanaf ligte nywerheid na kerk sone.

GETEKEN:
SPEAKER